

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Hardloop vir die Woord

Drie jaar gelede het die Bybelgenootskap tydens die Argus fietstoer in die Kaap fondse ingesamel. Dié betrokke fondsinsamelingsaksie is onder die vaandel 'Trap vir die Woord' van stapel gestuur. Menige christen het die aksie ondersteun. Daar was egter 'n doring in die vlees van hierdie fondsinsamelingsfees. Om noukeuriger te wees: 'n slang het die fietsryers in die hakskeen gebyt. Die Argus, soos meeste groot fietstoere, vind op 'n Sondag plaas. 'Trap vir die Woord' vind plaas ten koste van 'luister na die Woord en bediening van die Woord'. Deelname aan die fietstoer lei onvermydelik tot afwesigheid in die erediens.

Drie jaar gelede het die vraagstuk oor georganiseerde fietsry op Sondag tot hewige en plek-plek vurige debatte gelei. Daar was onder andere 'n kerklike voorganger wat die mening uitgespreek het dat die verhouding met die Here nie geskaad word as daar een keer per jaar nie na die Woord geluister word nie, maar vir die Woord getrap word. In *Waarheid en Dwaling* (Januarie 2004) is daar skerp op dié redenasie gereageer. Trap vir die Woord is niks anders nie as trap op die Woord.

Die Bybelgenootskap het 'n ferm besluit met betrekking tot fondsinsameling en Sondagsport geneem. Daar sal nie weer tydens die Kaapse Argus vir Bybels getrap word nie.

Drie jaar later steek 'n ander adder egter sy kop uit. Weens politieke redes word besluit dat die Comrades ultra-maraton voortaan nie meer op 16 Junie gehou sal word nie, maar op die Sondag naaste aan 16 Junie. Weereens word die Bybelgenootskap gekonfronteer. In die verlede is baie fondse vir Bybelverspreiding ingesamel deur Comrades-deelnemers wat borgskappe verkry het vir elke kilometer wat hulle aflê. Hulle 'Hardloop vir die Woord'.

Die onmiddellike reaksie op die verskuiwing van die Comrades na 'n Sondag was ongeveer dieselfde as die vurige debat rondom die Argus. Party neem sterk standpunt in: nie so nie. Jy kan nie hardloop vir die Woord ten koste van luister na die Woord nie. Gehoorsaamheid aan die Woord eis onverdeelde trou. Ander is meer gematigd. Sal een Sondag se deelname aan die Comrades werklik inbreuk maak op my diens aan God? Wat meer is: as ek die talent ontvang het om te

hardloop, en ek kan daardie talent vir die Woord en die verspreiding van die Woord inspan, sal dit geen sonde wees as ek dit nie vir daardie doel gebruik nie?

Dit verg geen buitengewone kennis van wiskunde om die som van die slangesaad te maak nie. Een Sondag vir Argus. Een Sondag vir Comrades. Drie Sondae vir kampeer. Twee Sondae vir staptoere. Een Sondag vir spanbou. Twee Sondae vir ... nee, nie nog nie – die Sondae vir hierdie jaar is volbespreek.

Intussen worstel die Bybelgenootskap met 'n wesenlike en al groter wordende probleem. Waar voorheen bronne van inkomste was, word dit nou die een na die ander toegemaak. Dit moet 'n mens uiteraard te wagte wees. Die duisternis van hierdie wêreld verdra nie die lig van die evangelie nie. Tog verg dit voortdurend beplanning om te verseker dat daar Bybels gedruk en versprei sal word. Daar sal self indringender na die saak van Bybelvertaling en –verspreiding as sulks gekyk moet word, dat kerke self behoorlik verantwoordelikheid vir hierdie roeping aanvaar en nie bloot aan 'n genootskap oorlaat nie.

INHOUD

1 Redaksioneel
Hardloop vir die Woord

2 Skrifoorndenking
**Vroom mensewoorde is
nog nie God se Woord nie**
Ds SD Snyman

4 Aktueel
Calvyn en die christelike feesdae
Ds HJL Momberg

6 Fokus
Die apokriewe boeke
Dr AH Bogaards

8 **Nuwe ontwikkelinge in die
Christologie**
Prof LF Schulze

10 Persskou
**Polisiekarre en skynheiligheid
'n Trappie hoër?**
En toe kom Virgin
Ds GJ Meijer

'Trap vir die Woord' en 'Hardloop vir die Woord' sal, gegewe die invoer van Sondagsport, geveleude woorde in 'n geskiedenisboek word. Die vraag is: wat gaan die kerke hieraan doen? Watter offers gaan gebring word om te voorsien in die stygende vraag na fondse?

In die Gereformeerde Kerke is daar ooreengekom op 'n bydrae van R20,00 per jaar per

belydende lidmaat wat aan die Bybelgenootskap betaal word vir die beskikbaarstelling van bekostigbare Bybels. As dié R20,00 kan opskuif na R30,00 of R40,00 gaan dit 'n beduidende verskil aan inkomste vir die Bybelgenootskap maak. En as die kinders – die nog-nie-belydende lidmate – daarby betrek word, sal dit die projek nog soveel meer waardevol maak. Binne gesinsverband kan daar aan verskeie moontlikhede gedink word

om op 'n kontinue basis fondse vir Bybelverspreiding te genereer.

So kan daar, by verlies aan 'Trap vir die Woord' en 'Hardloop vir die Woord', tog wins wees. Elke lidmaat – ook die wat nie (meer) kan trap of hardloop nie – kan 'n wesenlike bydrae lewer om toe te sien dat die Bybel gedruk en tot in die verste uithoeke van die aarde beskikbaar gestel kan word.

GJM

Skrifoordenking

Ds SD Snyman, Pretoria – Magalieskruin

Vroom mensewoorde is nog nie God se Woord nie

Lees: 2 Samuel 7:1-17; NGB artikel 6

Toe sê Natan aan die koning: Gaan heen, doen alles wat in u hart is, want die HERE is met u.

Die 66 geskrifte, die boeke van die Ou en die Nuwe Testament, wat saam die Bybel vorm, is vir ons baie spesiaal:

- hulle is (so glo ons) God se Woord op skrif (NGB artikel 3);
- hulle is vir ons kanoniek – normatief (NGB artikel 4);
- ons beleef hulle as geskrifte met Goddelike gesag (NGB artikel 5);
- daarom is hulle vir ons bokant alle ander geskrifte (NGB artikel 6).

Die Bybel lê vir ons op 'n ander vlak as alle ander boeke. Die Bybel lê selfs vir ons op 'n ander vlak as alle ander christelike lektuur! Dit maak nie saak hoe vroom en hoe stigtelik hierdie ander christelike lektuur is nie – selfs vroom mensewoorde is nie noodwendig God se Woord nie.

'n Sprekende voorbeeld hiervan vind ons in 2 Samuel 7:3. Die vroom mensewoorde (van Natan) is nie GóD se woord nie.

Vroom mensewoorde

'n Mens kan verstaan hoekom Dawid op hierdie stadium daaraan

gedink het om vir die Here 'n huis te bou, 'n tempel:

- sy koningskap oor al twaalf stamme van Israel was nou goed gevestig en hy was besig om 'n baie geliefde koning onder die volk te word;
- hy het Jerusalem ingeneem en dit as hoofstad ingerig;
- hy het al hoe meer buitelandse erkenning en respek begin kry (2 Samuel 5:11);
- hy het die ark, die simbool van die Here se teenwoordigheid, na Jerusalem gebring;
- hy het, met die hulp van die Here, Israel se vyande militêr oorwin en aan hom onderwerp.

Sy koningskap het 'n hoogtepunt bereik!

Toe groei die plan in die hart van hierdie vroom en godvresende koning dat hy vir die Here 'n tempel wil bou. Dit is mos nie reg dat hy in 'n pragtige paleis bly en die ark van die Here staan in 'n (bokvel)tent nie!

'n Mooi plan

Daar staan in 1 Konings 8:18 dat die Here vir hom gesê het: 'Dat dit in jou hart was om vir my Naam 'n huis te bou – daarin het jy goed gehandel, dat dit in jou hart was.'

Daarom verbaas dit ons ook nie dat die profeet Natan hierdie plan van Dawid dadelik goedkeur en die Here se seën daarvoor uitspreek nie.

Dat daar uiteindelik een sentrale heiligdom moes wees, is al in die wet van Moses voorgeskryf (Deuteronomium 12). Hier lyk dit asof die tyd daarvoor aangebreek het:

- die omstandighede in die land was reg daarvoor;
- die man wat dit wou doen, het na die regte een gelyk: 'n koning met opregte geloof in die Here.

'n Mens verstaan hoekom Natan vir Dawid gesê het: 'Gaan heen, doen alles wat in u hart is, want die HERE is met u'. 'n Goeie plan, uit die hart van 'n opreg gelowige koning, word deur die Here se dienaar Natan met net sulke opreg bedoelde woorde goedgekeur en geseën. Vroom woorde uit die mond van 'n profeet van God.

Dit lyk alles reg. En tog is hierdie vroom goedkeuring en seën wat Natan uitspreek, nie God se woord nie.

Dit is nie God se woord nie

Vroom woorde van vroom mense is nie noodwendig GóD se woord nie.

Dieselfde nag nog praat die Here. Wat Hy vir Natan sê om vir Dawid

ook te gaan sê, is anders as die vroom woorde van Natan. Natan het gesê: 'Dit is reg. Gaan aan. Bou die tempel. Die Here is met u'. Die Here sê: 'Nee! Dawid gaan nie die tempel bou nie. Die plan in sy hart is goed, maar hy gaan dit nie doen nie'. Die Here se woord is in hierdie geval anders as die vroom woorde van vroom mense.

Hoe is dit 'anders'? Dit is baie ryker en hoër as die woorde van mense. Want wat sê die Here? Hy sê nie net: Dawid, jy gaan nie die tempel bou nie. Jou seun wat na jou koning word, hy gaan dit doen. Jy is 'n man van oorlog. Jy het die Here se oorloë vir hom geveg (1 Kronieke 28:3) en in die proses baie mense doodgemaak. Jou seun sal die man van vrede wees en hy sal die Here se huis bou.

Hy gaan nog verder. Hy maak wonderlike beloftes aan Dawid: beloftes oor sy en sy nageslag se koningskap wat vir altyd gaan bestaan (2 Samuel 7:16); beloftes wat nie net oor sy seun Salomo gaan nie, maar uiteindelik oor dié Koning uit Dawid se nageslag – die Here Jesus Christus!

Die Here sê vir Dawid: Dawid, jy wil vir die Here 'n huis bou, maar die Here gaan vir jǒu 'n huis bou (verse 11 en 27), 'n dinastie, 'n koningslinie, wat vir ewig gaan bly! Dawid se groot Nasaat, Jesus Christus, is mos vir ewig Koning! Dawid, jy wil vir die Here 'n tempel in Jerusalem bou, maar jou groot Nasaat gaan die eintlike tempel van God bou, die woning van die Heilige Gees, die kerk, die gemeente.

Dawid, jou gedagtes is mooi, hoog, maar God se gedagtes is nog mooier en hoër.

Natan, jou goedkeuring van Dawid se plan om die tempel te bou en jou seën daarvoor – dit is mooi vroom woorde, maar daardie vroom woorde van jou is nog nie die ryker en hoër Woord van God nie!

God se gedagtes en planne wat in sy Woord vir ons gegee word, is só ryk en hoog, dat selfs die beste mensewoord nog nie daarby kan kom nie. Hoe sou Dawid ooit kon droom dat die Here vir hóm

'n 'huis' wil bou? Hoe sou enige mens, selfs die vroomste mens, ooit die verlossingsplan van God – dat die Seun van God ook mens moes word; dat Hy in ons plek aan 'n kruis moes kom ly en sterf en liggaamlik weer lewendig word, sodat elkeen wat in Hom glo, van sondes verlos kan word en die ewige liefde van God kan kry – self kon bedink en sê?

Hoe sou enige mens – as Gód dit nie geopenbaar het en aan ons in sy Woord bekend gemaak het nie – ooit daaraan kon dink dat:

- God die Heilige Gees in mense kom woon?
- Jesus eendag weer sigbaar gaan terugkom op die wolke van die hemel?
- ons eendag op 'n nuutgemaakte aarde onder 'n nuutgemaakte hemel gaan bly?

Die beste en diepste en vroomste geestelike gedagtes van mense sou nie naby hierdie dinge gekom het as Gód dit nie self vir ons gesê het nie.

Dawid en Natan, vroom mense, kon maar net dink aan 'n tempel van hout en klip, terwyl God dit nie nodig het nie, want Hy bly nie in tempels wat met die hand gebou word nie. God dink aan 'n tempel wat bestaan uit lewende mense in wie Hy kan woon en werk. Selfs die vroomste mensewoorde is nog nie God se woorde nie.

Daar is 'n wesentlike verskil tussen dit wat mense oor God en godsdiens dink en skryf en dit wat God self dink en laat opskryf het. Dit is wat die Heilige Gees ons onder andere in 2 Samuel 7 leer.

Hierdie basiese verskil tussen selfs vroom mensewoorde en God se Woord het die kerk in die NGB (artikels 4 en 6) laat onderskei tussen kanonieke boeke en apokriewe boeke. In die kanonieke boeke (so bely ons as kerke) laat die Heilige Gees ons God se stem hoor. In die apokriewe boeke wat hier genoem word, hoor ons net die stem van die mens, al is dit vroom en stigtelike boeke; die apokriewe boeke wat hier genoem word,

is vir die grootste deel goeie, opbouende geestelike leesstof.

Ons onderskei tussen die Ou-Testamentiese apokriewe (wat in NGB artikel 6 genoem word) en die Nuwe-Testamentiese apokriewe (byvoorbeeld 'n evangelie van Thomas, 'n evangelie van Nikodemus, handeling van Paulus, 'n openbaring van Petrus, ensovoorts).

- Die Ou-Testamentiese apokriewe is heel stigtelike lektuur.
- Die Nuwe-Testamentiese apokriewe is valse en ketterse geskrifte, wat partykeer sommer godslasterlik raak; lees maar net enkele sinne daarin om dit agter te kom!

Maar ook die Ou-Testamentiese apokriewe, al is dit stigtelike leesstof, is nog nie God se Woord nie. Daarom is hulle nie vir ons normatief en gesagvol nie. Ons glo nie sonder enige twyfel alles wat daarin staan, soos ons dit wel van die Bybel glo nie. Ons bou nie ons geloof op dit wat in die apokriewe staan nie.

Want uiteindelik is selfs die vroomste mensewoorde sand. Net God se Woord is rots!

Toepassing

Hierdie basiese verskil tussen vroom mensewoorde en God se Woord het ook vir óns tyd en óns geloofslewe iets te sê.

Daardie boek met die geestelike dagstukkies wat langs u bed lê – u kan dit gerus maar lees; dit kan vir 'n mens waarde hê. U moet dit net nie lees asof dit God se Woord is en asof dit onfeilbaar is nie. U moet dit nooit lees in die plek van die Bybel nie: sáám met die Bybel, ja; maar nooit in die plek van die Bybel nie. U kan daaruit leer, maar net vir sover dit met die Bybel ooreenstem.

Hierdie onderskeid sê ook iets vir ons beoordeling van geestelike en kerklike sake in ons tyd. Mense sal deesdae maklik redeneer dat ons groepe en standpunte wat afwyk van die Bybel maar moet los, want 'hulle bedoel dit tog opreg' en 'baie van hulle is baie vromer mense as wat ons is'.

Sien ons nie juis in hierdie Skrifgedeelte dat selfs goeie bedoelings en vroom woorde van vroom mense nie altyd reg is nie, nie altyd met God se Woord en wil ooreenkom nie, en daarom nie maar sommer net gelos kan word nie (Natan moes teruggaan en die ware woorde van die Here aan Dawid gaan oordra).

Die vraag in die beoordeling van godsdiensstige sake moenie wees:

‘Kom dit van vroom mense af?’ nie, maar ‘Kom dit van Góð af, of nie?’ Ons moet as kerk en as individuele gelowiges bly onderskei tussen mensewoorde en God se Woord. As ons as kerk hierdie onderskeiding nie meer handhaaf nie, maak ons die deur oop vir allerhande dwalings en sondes onder christene.

As ons in ons persoonlike lewe nie meer hierdie onderskeid handhaaf

nie, gaan ons dalk ons geloof op mensewoorde begin bou. Dan is ons een of ander tyd nie ver van sink af nie, want watter vastigheid is daar in mensewoorde, hoe mooi dit ook al mag klink?

Net op God se Woord kan ons vasstaan. Net met sy Woord sal ons koershou tot ons in die ewige Vaderhuis kan ingaan.

Aktueel

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

Calvyn en die christelike feesdae

In ‘n vorige artikel (*Waarheid en Dwaling*, April 2006) is die vraag oor die geldigheid vir die onderhouding van die christelike feesdae behandel. Mense beroep hulle soms vir hulle standpunt op uitsprake van gerespekteerde figure uit die geskiedenis. Die geskiedenis as sulks kan nooit ons norm wees nie en die uitsprake van gerespekteerde figure ook nie. Al hierdie dinge moet aan die Skrif getoets word.

Aangesien ons deel is van die kerk van alle eeue, is dit juis nodig dat ons die lesse van die geskiedenis nie vergeet nie. Wanneer ons uit die bronne argumenteer, is daar ‘n belangrike vereiste. Ons moet poog om eerlik met daardie bronne om te gaan, die gebeure en uitsprake in hulle konteks te bestudeer, en op ‘n geldige manier in ons argumentasie te gebruik. So byvoorbeeld is daar al dikwels in argumente betoog dat Calvyn téén die viering van christelike feesdae was. In hierdie artikel word gepoog om meer akkuraat en uitgebreid in te gaan op die opmerkings uit ‘n vorige artikel dat Calvyn nie soseer téén die feesdae was nie, maar wel vereistes gestel het oor die korrekte gebruik daarvan.

Onder invloed van veral Farel het die stad Genève gaandeweg tot reformasie gekom. Gedurende

1535 is die kerkgeboue vir evangelieprediking oopgestel. Die stadsraad het op 21 Mei 1536 formeel ten gunste van die reformasie besluit. Onder invloed van die radikale Farel het die stadsraad besluit om alle christelike feesdae (behalwe uiteraard die Sondag) af te skaf. ‘n Opmerklieke kenmerk van die Europese reformasie was dat dit grotendeels ‘n stedelike fenomeen was. In Duitsland byvoorbeeld het meer as 50 van die 65 vrye ryksgebiede positief op die reformasie gereageer. Slegs vyf van die stede het die reformasie geheel en al genegeer. In Switserland het die reformasie in een stad begin (Zürich). Deur ‘n proses van publieke diskussies het dit na ander stede soos Bern en Basel versprei. Vanuit Bern het dit na die nabygeleë Genève gekom.

Die tipies Middeleeuse idee van die *corpus christianum* is deur die hervormer Zwingli op die stadstate van sy tyd toegepas. So het hy gestel: “‘n Christenmens is niks anders as ‘n betroubare en goeie burger nie, en ‘n christelike stad is niks anders as die christelike kerk nie’. Die godsdiensstige lewe van ‘n stad kan volgens Zwingli slegs in reformatoriese sin vernuwe word as die hele samelewing onder die heerskappy van Christus kom. Kerk en owerheid was vir hom soos siel

en liggaam aan mekaar verbind. Hierdie teokratiese idee is deur feitlik alle Switserse reformatore aangehang – aanvanklik ook deur Calvyn. Toe Calvyn einde Julie 1536 op ‘n deurreis in Genève beland en onder druk van Farel daar bly (teen sy sin en bedoeling in) was die situasie só dat die stadsraad groot seggenskap oor en invloed op kerklike sake gehad het; iets wat deur Calvyn as korrek aanvaar is. Ook was die viering van alle christelike feesdae toe reeds afgeskaf.

Calvyn en Farel het aan die stadsraad voorgestel dat alle burgers van Genève die geloofsbelydenis wat hulle twee opgestel het, moes onderteken. Hierdie voorstel is deur die raad aanvaar. Die bedoeling van Calvyn en Farel was om op dié manier – deur alle burgers belydende christene te laat word – effektief tug oor die stadsgemeenskap uit te oefen. Die stadsraad het egter gesloer met die uitvoering van die besluit. Vroeg in 1538, na verkiesings, het die samestelling van die stadsraad verander. Die meerderheid van die nuwe raad was teen die deurgaande reformasie-pogings van Calvyn en Farel gekant en het geweier om dit verder uit te voer.

In dié situasie het Calvyn en Farel geweier om die nagmaal te

bedien. Veral hierdie saak het gelei tot hulle verbanning uit die stad. Volgens die stadsraad was dit ongehoorsaamheid aan die owerheid wat beveel het dat die nagmaal wel bedien moes word.

Hierdie opmerking moet dien as 'n korreksie en nadere verklaring van die paragraaf in 'n vorige artikel wat aangevoer het dat die eintlike rede waarom hulle uit die stad verban is dat hulle nie die inmenging van die owerheid in kerklike sake wou aanvaar nie. Inderwaarheid was dit op 'n verskerpte manier anders: Hulle het eintlik die stadsraad verkwalik dat hulle nie die afgespreekte maatreëls tot reformasie en ondertekening van die geloofsbelydenis deur al die burgers wou uitvoer nie. Die beswaar was dat, indien die burgers nie behoorlik op grond van die geloofsbelydenis aanspreeklik gehou kon word nie, dit die nagmaal van die Here sou onheiligh. Hulle het die stadsraad verkwalik dat hulle nie hulle owerheidsplig na behore nagekom het nie.

Daar was ook verskil van opvatting oor die herinstelling van die christelike feesdae en sekere rituele by die viering van die nagmaal. Die stadsraad van Bern het, om ingewikkelde politieke redes, die stadsraad van Genève onder druk gesit om hierdie gebruike wat steeds deur Bern gehandhaaf is, weer in te voer. Calvyn en Farel het sterk gevoel dat die saak saam met die ander Switserse kerke op die sinodevergadering, wat kort na hierdie voorval in Zürich gehou sou word, bespreek moes word om eenheid in hierdie sake te kry. Hierdie sake was dus wel ter sprake, maar was nie deurslaggewend vir Calvyn en Farel se verbanning uit Genève nie. Uit die notule van die stadsraad van Genève is dit duidelik dat Calvyn en Farel se verbanning hoofsaaklik gegrond was op hulle weiering om die nagmaal te bedien. Calvyn het nadruklik verklaar dat die punt van liturgiese gebruike geen prinsipiële kwessie was nie.

Na hulle verbanning het Calvyn en Farel na Zürich vertrek en daar die sinode bygewoon.

Hulle het verslag uitgebring oor die gebeurtenisse in Genève. Gegrond daarop is hulle deur die sinode aangespreek oor hulle onverantwoordelike gedrag. Hulle is vermaan. Volgens die sinode het hulle te ver gegaan. Hulle het dit aanvaar en voor die sinode skuld bely en erken dat hulle onverstandig opgetree het. Hulle was bereid om vergewing vir hulle gedrag aan die stadsraad van Genève te vra.

Calvyn en Farel het 'n stuk van veertien artikels aan die sinode voorgelê, waarin hulle stel tot watter toegewings hulle bereid is. T Brienens het dit in Nederlands vertaal. Kortliks opgesom is dit soos volg:

- Hulle is bereid om die plasing van die doopvonte (by die ingange van die kerkgebou) te aanvaar, maar die doop self moet slegs in die erediens bedien word waar ook 'n uiteensetting van die betekenis van die doop gegee word.
- Hulle stem nie saam oor die ongesuurde brood by die nagmaal nie, maar is bereid om die gewoonte van die gebruik van ongesuurde brode onveranderd so te laat.
- Betreffende die feeste het hulle baie moeite. Die vier feeste kan toegelaat word, mits daar hierdeur nie te veel laste vir die burgers opgelê word nie. Burgers moet vry wees om na die preek weer na hulle werk toe te gaan. Dit sou anders tot groot verwarring onder die burgers aanleiding gee.
- Hulle bepleit eenstemmigheid oor die seremonies met die gemeente van Bern, maar dat daar tog vryheid oor die saak in die plaaslike kerk sal wees.
- Hulle begeer dat hulle goeie eer en naam in Genève weer herstel sal word.
- Hulle sal hulle beywer vir die handhawing van die tug, maar dat dit met verdrag ingebring sal word:
 - Die stad moet in streke verdeel word om die bestuur hiervan te vergemaklik.

Soveel dienare as wat nodig is moet hiervoor aangestel word.

- Deugdelike en verstandige manne moet deur die senaat (die stadsraad) gekies word om die dienare in die handhawing van die tug by te staan.
- By die aanstelling van die predikante sal die oplegging van hande, volgens goeie orde, nie deur die magistrat verbied word nie.
- By die bereiking van instemming oor die betrokke seremonies moet ook die gemeente van Bern hulle hierby skik. Hieroor die volgende:
 - Dat die gebruik van nagmaal meer dikwels sal wees – ten minste een maal per maand.
 - By die openbare prediking hoort ook die sing van Psalms tuis.
 - Betreffende die losbandige en ontugtige liedere en danse: dit moet afgeskaf word en Bern moet die voorbeeld navolg.

Dit is so deur die sinode aanvaar. Die sinode versoek daarop die stadsraad van Genève om die predikante te laat terugkeer. Die stadsraad wou egter niks daarvan weet nie.

Calvyn het daarna predikant van die Straatsburgse Franssprekende gemeente geword. In 1541 versoek die stadsraad van Genève hom egter om terug te keer. Baie teësinning het hy tog die roeping aanvaar. By sy terugkeer het hy gevind dat alle christelike feesdae en ander rituele intussen weer ingevoer is. Hy was in 'n baie sterk posisie om dit verander te kry, maar het die situasie aanvaar soos wat dit was. Hy het self ook op hierdie dae gepreek. Intussen het hy wel in die prediking telkens daarop gewys dat sommige van die gebruike nie in die gereformeerde kerk tuishoort nie. Calvyn se verbasing was groot toe die stadsraad, sonder om sy mening te vra, in 1550 besluit het om die feesdae weer geheel af te skaf. In sy briewe aan Haller (2 Januarie 1551) en Bullinger (23 April 1551)

skryf hy dat indien die stadsraad na sy gevoelens hieroor sou gevra het, hy dit nouliks sou gewaag het om so iets voor te stel. Hy het beslis nie die viering van alle christelike feesdae veroordeel nie, maar het wel ernstige besware teen sommige daarvan gehad. In sy brief aan Bullinger (23 April 1551) stel Calvyn: 'By my terugkeer (in 1541) sou ek in een oomblik en met byval van die meerderheid, die besluite wat in my afwesigheid geneem is, kon teruggetrek gekry het, maar ek het my stil gehou. Ek kon egter nie daarvoor swyg dat dit verkeerd was om die dag van die besnydenis van Christus te vier met verontagsaming van sy sterfdag nie. Dit is deur onkundige mense sonder regte verstaan besluit. Terwyl die volk ook die dag van die ontvangenis van Christus onder die naam van 'n Mariafees gevier het, het ek elke jaar teen hierdie bygeloof te kere gegaan (waarskynlik in die prediking op die dag). Want die

Fransse noem in hulle taal hierdie dag die fees van ons lieve Vrou, Maria ... en hierdie dag word as besonder heilig beskou'.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Calvyn in hierdie saak 'n baie milde posisie ingeneem het. Hy stel dit ook in sy briewe aan Haller en Bullinger dat dit moet gaan oor die opbou van die gemeente. By sy instemming tot die onderhouding van die vier feesdae wat nie op die Sondag geval het nie, het Calvyn alleen sober voorwaardes gestel: dat die dae nie met bygelowigheid onderhou word nie, en dat die lidmate geleentheid moet kry om na afloop van die prediking met hulle daaglikse werk voort te gaan.

Gehoorsaamheid aan die Woord alleen loop soos 'n slagaar deur die reformasie van die 16e eeu. In die ordening van die godsdiens is dit daarom van kardinale belang om vas te stel hoe die

reformatore daardie ordeninge vanuit die Skrif beredeneer het. Daar het sedert die 16e eeu ongelooflike veranderinge op sosiale, politieke en tegnologiese terreine plaasgevind. Ons roeping is om met dieselfde reformatoriese argumentasie opnuut die altyd geldende Woord van die Here in ons situasies te bly toepas. Dikwels kan baie van die historiese bepaalde vorme nie meer vandag net so toegepas word nie. Tog bly dit steeds waar dat die hart van ware reformasie die ware reformasie van die hart is. Daarom is egte gehoorsaamheid aan die Woord van die Here nie dooie formalisme nie, maar die oorgegewe gewilligheid waarmee die wedergebore hart lewendig werksaam is om God vandag volgens sy Woord te dien in die huis, in die gemeente, die werkplek, die ekonomie, die politiek, sodat Christus se koningskap oral erken mag word.

Fokus

Dr AH Bogaards, Pretoria – Rooiwal

Die apokriewe boeke

Die woord apokrief beteken verborge. By die vroeë kerk het die benaming apokriewe boeke 'n pertinent ongunstige betekenis gehad, met die konotasie:

- hulle wat hulself as valse geskifte verborge hou
- hulle wat nie die lig kan verdra nie
- hulle wat verborge moet bly
- hulle wat in 'n openbare erediens nie hoort nie.

Dit is in laasgenoemde sin wat ons die woord vandag gebruik. Apokriewe boeke dui aan: boeke wat hulleself aandien as goddelike geskifte, terwyl hulle dit nie is nie en wat die kerk verwerp as boeke wat as 't ware verborge gehou moet word en nie tuis hoort in die openbare erediens nie.

'n Plek in die kerk gekry

Die apokriewe boeke staan nie in die Hebreeuse Ou Testament

nie. Ongeveer in 150 vC is daar egter 'n Griekse vertaling van die Ou Testament voltooi, die sogenaamde Septuaginta. Daarin verskyn hierdie apokriewe. Toe die kerkvader Hieronimus die Bybel in Latyn moes vertaal, het hy die Septuaginta gebruik. So het die apokriewe boeke in die Vulgaat, die amptelike vertaling van die Roomse Kerk beland. Hieronimus het wel gewaarsku dat hierdie apokriewe nie op een lyn gestel mag word met die kanonieke boeke nie, maar in die praktyk is hierdie waarskuwing in die wind geslaan.

Die Roomse Kerk het die apokriewe boeke as deuterokanoniek verklaar. Op die Konsilie van Trent het hulle 'n vloek uitgespreek oor wie dit nie as kanoniek aanvaar nie. Hulle het dit as gesagvol aanvaar.

NGB Artikel 6

Die kerk *mag* hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek. Daar

is egter 'n grens: Die kerk kan daaraan onderrig ontleen, maar net vir sover hulle ooreenkom met die Woord van God. Dit moet dus aan die Bybel getoets word. Met 'kerk' en 'lering' bedoel die NGB nie onderrig in die openbare erediens nie, maar die lidmate by hulle huise. Terwyl die apokriewe boeke gelees *mag* word, *moet* die kanonieke boeke gelees word. Hulle is vir ons 'n riglyn vir ons geloof en lewe.

Die NGB maak voorts twee opmerkings oor die gesag van die apokriewe boeke:

- Die apokriewe boeke het geen gesag vir leer of lewe nie: 'Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie'.
- Die apokriewe boeke mag geensins die Skrif verdring nie:

'Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie'. Hulle mag nie naas of teen of in die plek van die Skrif gebruik word nie.

Dordtse sinode en Statenvertaling

Die Dordtse sinode van 1618/19, wat die Dordtse Leerreëls opgestel het en wat vir die Nederlandse Statenvertaling verantwoordelik was, het ook oor die apokriewe boeke besluite geneem. Hulle het twee sittings aan die bespreking van dié saak afgestaan.

Op sy sitting van 21 November 1618 sê die Dordtse sinode: Dit is *duidelik* dat die apokriewe boeke niks anders as *menslike geskrifte* is nie. Sommige word deur hulle beskryf as vervalste en verdigte geskrifte. Hulle gee ook die rede aan hoekom hulle dit so sien: Dit gaan in sekere leerstukke en geskiedkundige feite in teen die boeke van die Bybel. Die geskiedenis van Judith, Susanna, Tobias, Bel en die Draak en veral 3 en 4 Esra word dan as voorbeelde genoem.

Verder – en dit is ook belangrik in hulle redevoering – wys die sinode daarop dat hierdie apokriewe boeke nie in die Joodse en vroegste christelike kerk by die Ou Testament bygevoeg is nie.

Die sinode het eweneens daarvoor besin of 'n duidelike vertaling daarvan werklik nodig is. Verder is geredeneer oor die gevaar daarvan om dit saam met die kanonieke boeke te gebruik. Daar is gevoel dat sou 'n samevoeging tot gevolg sou kon hê dat, net soos dit in die Roomse Kerk gebeur het, hierdie geskrifte later deur onkundiges as kanoniek en Goddelik beskou kan word.

Op sy sitting van 22 November 1618 het die Dordtse sinode die volgende besluit:

- dat die apokriewe deur 'n behoorlike tussenruimte van die kanonieke boeke geskei moet word en deur 'n besondere titel daarvan onderskei moet word; in hierdie titel moet nadruklik vermeld word dat hierdie boeke

menslike geskrifte is en dus apokrief;

- dat dit in 'n ander, minder goeie lettertipe gedruk moet word;
- dat dit ook van kritiese kantaantekeninge voorsien moet word, waarin aangetoon word waar die apokriewe van die kanonieke boeke afwyk en veral daardie plekke wat deur die Roomse Kerk teen die kanonieke boeke gebruik word;
- dat dit, in stryd met die historiese volgorde, heeltemal aan die einde van die Bybel (na die Nuwe Testament) geplaas moet word, sodat die volk dit des te beter kan onderskei van die kanonieke boeke;
- dat dit nie nodig is om hierdie apokriewe boeke so noukeurig soos die kanonieke boeke te vertaal nie.

Foute en dwalings

Daar staan in die apokriewe boeke dinge wat onwaar en in stryd met God se Woord is. Daar word ook nêrens gespreek oor die verlossing deur Christus nie. 'n Paar voorbeelde van onwaarhede kan genoem word:

- In die boek Judit word Nebukadnesar die koning van Assirië genoem, terwyl hy koning van Babel was.
- In die boek Tobias staan dat 'n engel die jong Tobias sou geleer het om bose geeste met die braai en reuk van die hart en die lewer van 'n vis te verdryf.
- In 4 Esra word vertel dat, toe al die boeke van die Ou Testament verbrand is, Esra deur goddelike ingewing in staat gestel is om aan vyf skrywers in 40 dae die hele Ou Testament te dikteer.
- In die boek van Jesus Sirag word beweer dat die goeie wat kinders aan hulle ouers doen, hulle toegereken word as 'n offer ter versoening van sondes (Sirag 3:3 – Hy wat die vader eer, sal die sonde bedek. Vers 14: Die geregtigheid aan die vader betoon, sal nie uitgewis word nie en in die plek van die sonde sal dit geplant

word. Vers 15: In die dag van benoudheid sal dit vir jou in herinnering gebring word, soos hitte op ys sal dit wees om jou ongeregthede uit te wis). Dit is 'n ernstige leerdwaling wat in stryd is met wat die Bybel ons leer, naamlik dat die bloed van Jesus alleen ons sondes versoen.

- In die boek van Jesus Sirag word die vrye wil – Fariseïsme, wettisisme, die vermoë om self die wet te kan onderhou – geleer (Sirag 15:15 - As jy behae daarin het, kan jy die gebod hou en dit is verstandig om sy welbehoe te doen. As jy op Hom vertrou, sal jy inderdaad lewe).

Geen Goddelike oorsprong

Die kanonieke boeke is van Goddelike oorsprong. In artikel 3 van die NGB bely ons: 'Die boeke van die Bybel is nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Petrus 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif'.

Die apokriewe boeke daarenteen is nie van Goddelike oorsprong nie. Die Dordtse sinode noem dit menslike geskrifte. Dit is van menslike oorsprong. Dit is baie opmerklik dat die apokriewe boeke *nooit* in die Nuwe Testament aangehaal word nie. Dit is 'n bewys dat hulle nie goddelike gesag het nie.

Kanoniek – omdat God so sê

Hoe weet ons dat die 66 boeke van die Bybel en hulle alleen tot die kanon behoort? Hoe weet ons dat die apokriewe nie ook daarby hoort nie? Die rede vir die aanvaarding van die Goddelike gesag van die Bybel lê nie in wat die kerk sê nie, sê artikel 5 van die NGB. Ons aanvaar nie die 66 boeke as kanoniek, omdat die kerk sê dat hulle kanoniek is nie.

Hierdie woorde van ons belydenis is ook vir ons vandag van besondere belang. Dit word naamlik so voorgestel asof die kerk in die geskiedenis op sy sinodes besluit het watter boeke by die Bybel hoort en watter nie.

Waarom aanvaar ons dit dan wel as goddelike geskrifte met goddelike gesag? Die NGB gee twee redes.

- Eerstens aanvaar ons dit as goddelike geskrifte 'omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is'. Ons moet goed verstaan wat met hierdie getuienis van die Heilige Gees bedoel word. Die getuienis van

die Heilige Gees is nie 'n getuienis wat by die Bybel kom nie. Ons moet dit dus nie so beskou dat ons aan die eenkant die Bybel het en aan die anderkant die getuienis van die Heilige Gees nie. Die getuienis van die Gees is nie iets ekstra wat bo en behalwe die Bybel ook nog tot ons kom om aan ons te getuig dat die Bybel regtig die Woord van God is nie. Die Woord self is die getuienis van die Heilige Gees. Daarmee getuig Hy en oortuig Hy mense aangaande die goddelike gesag van die Skrif. Die Heilige Gees is die Gees van die profesie, die Gees van die Bybel.

- Tweedens aanvaar ons dit as goddelike geskrifte 'omdat hierdie 66 boeke ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel word'. Die vervulling van die Skrifte, dat die voorspellings wat daarin gegee word, vervul is en daagliks vervul word, is vir die geloof des te meer bewys - 'n bevestiging van die goddelikheid van die Heilige Skrif.

Samevattend: Die aanvaarding van die 66 boeke as kanoniek is 'n saak van geloof. Hierdie geloof werk die Heilige Gees in ons deur die 66 boeke van die Bybel.

Fokus

Prof LF Schulze, Potchefstroom

Nuwe ontwikkelinge in die Christologie

Vir die reformatore was die ouderkerklike dogma gesaghebbend: dit was dié uitleg van die evangelie in die Nuwe Testament. Daaragter sit 'n Bybelgebruik wat vandag smalend 'fundamentalisme' genoem word; die gedagte dat die teks aan ons goddelike waarheid bied. In hierdie lig is die belydenis van Nicea en van Chalcedon vasgehou. Dit was immers ware uitdrukking van wat die Nuwe Testament bied in die vorm van Christologiese titels en belydende gedeeltes (byvoorbeeld Matteus 16:16; Johannes 20:28; Filippense 2:5-11).

Sedert die Verligting kom daar 'n nuwe ontwikkeling: die kritiese Bybelwetenskap verskyn op die toneel. Hierdie histories-kritiese metode vind sy aanleiding oënskynlik in die 'duisterhede' en 'teenstrydighede' wat verklaar moet word. In wese word dit egter gedra en gemotiveer deur die nuwe wetenskapsopvatting. Die menslike rede vind nie meer sy reëls en wette op 'n hoër gesag van buite nie, maar in homself. Daar word dan gesoek na die 'historiese Jesus' en in dié proses moet goddelike titels, wonders en allerlei 'mites'

met rasionalistiese en wysgerige argumente wegverklaar word.

Wat beteken die soeke na die historiese Jesus nou eintlik vir die dogma? Hierop gee die beroemde Albert Schweitzer – medikus, sendeling, teoloog, Bach-kenner en wêreldberoemde orrelis – self antwoord in sy bekende boek *Geschiede der Leben-Jesu-Forschung* (1906): 'Die dogma moes eers geskud word voordat 'n mens die historiese Jesus weer kon soek. Dat Hy iets anders is as die Jesus Christus van die twee nature-leer lyk vir ons vandag iets vanselfsprekends' (1906:3). Só het die *Leben-Jesu-Forschung* 'die bande losgemaak waarmee Hy sedert eeue aan die rots van die kerkleer geketting was' (1906:632). Só het 'die mondige mens' (aldus Kant se tipering van die Verligting) nie net gepoog om Jesus van die kettings van die kerkleer te bevry nie, maar wil hy homself óók van kettings bevry.

Met die 'mondigheid van die mens', wat in ons eeu weer positief uitgebou is, is die naam van Bonhoeffer verbind. As ons sy naam noem, is ons binne die

resente ontwikkeling van die teologie en moet ons ook ander name noem: Barth en Bultmann, en laasgenoemde se volgelingen, naamlik Fuchs en Ebeling, Bornkamm en Conzelmann. Daar is ook ander dogmatici: Pannenberg, Rahner, Küng, Moltmann, Schillebeeckx en H Berkhof; ook die roemryke figure soos D Sölle, JAT Robinson, Harvey Cox en Joodse eksegete soos Buber en Flusser.

Dis nie net Barth wat hom indringend met die Christologie besig gehou het nie. Ook sy geesgenoot en mede-dialektiese teoloog, Brunner, doen dit in sy omvangryke werk *Der Mittler* (1930). Soos Barth gryp Brunner ook elemente van Kierkegaard aan: in die twee nature-leer hoor hy die paradoks, wat in die verkondiging die gemeente voor 'n geloofsbeslissing stel. Soos Kierkegaard sien Brunner ook die dogma nie as koue, verstandelike waarheid nie, maar as paradoks, as irrasionele waarheid, wat nie met die verstand gegryp en begryp kan word nie, maar juis die spanningsvolle sprong van die geloof wil uitlok.

Dan verskuif die teologiese toneel na die eksegete – Bultmann en sy volgelinge. Dit lyk na 'n winspunt want die Christus wil tog uit die *Skrifte* (wat van Hom getuig) geken word! Wat is dan vanselfsprekender as dat die Skrifuitleg, die eksegete, die Christologie moet vorm en inhoud gee? Maar naas (of in plaas van) 'eksegese' hoor ons 'n nuwe uitdrukking: 'hermeneutiek'. Eintlik is dit geen nuwe woord nie. Aristoteles het immers al in die vierde eeu voor Christus sy *peri hermeneas* geskryf. Dit word egter nou met nuwe klem en deels met nuwe betekenis weergegee as 'vertolk', 'interpreteer'. Hierdie aksent is nuut, nie net ten opsigte van Aristoteles se gebruik daarvan nie, maar ook ten opsigte van die teologiese gebruik van die term (sedert die 17de eeu), waar dit met die uitlegkunde (eksegese) te doen gehad het, en veral aanduiding van die teorie van die uitlegkunde was. Let op die fyn aksentverlegging: dit gaan nie meer oor die eksegese of uitleg (*verklaring*) van wat in die teks geskryf staan nie, maar oor *hermeneuse*, interpretasie of *vertolking* van wat in die teks staan. 'n Mens – byvoorbeeld 'n toneelspeler, 'n solis, 'n dirigent – vertolk natuurlik 'n kunswerk soos hy/sy dit *verstaan*. Daarom is dit geen wonder nie dat die hermeneutiek nie meer teorie van die uitlegkunde is nie, maar konsentreer op die vraag hoe die 'verstaansgebeure' plaasvind. Die klemverskuiwing na die subjektiewe is onmiskenbaar en vind in die literatuurwetenskap neerslag in die verskillende resepsieteorieë.

Wat sit agter hierdie nuwe aksent op die hermeneutiek? Wéér 'n wetenskaplike houding, maar hierdie keer anders as dié van die Verligting met sy rasionalisme. In hierdie geval is dit die wysgerige fenomenologie, meestal ingespuut met 'n dosis eksistensialisme (van veral Heidegger).

In die lewensbeskouing van die fenomenologie staan die 'ek' nie meer heersend en beheersend teenoor die wêreld nie, maar is juis 'oop' vir die wêreld. Ek staan nie

meer as subjek teenoor die wêreld as objek nie, maar ek en die wêreld vorm 'n eenheid'¹. Die wêreld is immers *my* 'leefwêreld', en al die vrae wat ek vra en beslissings wat ek neem is deel van hierdie 'leefwêreld'. Die wêreld verskyn (*fainomai*) aan my en ek 'be-leef' die wêreld. Om werklik 'oop' vir die wêreld te wees beteken dat ek al die vanselfsprekende dinge, al my vooroordele en oortuigings tussen hakies moet plaas – ook, en veral, Descartes se teenstelling van die 'ek' teenoor 'die wêreld'.

Wat is die implikasie van hierdie nuwe hermeneutiek van die eksistensiële fenomenologie vir die dogma en dogmatiek? Dit dat ons ook die dogma as persoonlike oortuiging en vanselfsprekende vertrekpunt tussen hakies moet plaas! 'n Behoorlike hermeneutiek begin deur te luister na die Nuwe Testament. Om werklik te kan luister moet Nicea en Chalcedon eers tussen hakies geplaas word. Dan kom Jesus, nie meer geklee in die toga van die twee nature-leer nie maar in 'n totaal ander gewaad, op ons af. Tussen hakies (!), hiermee is ons presies weer in die spoor van Albert Schweitzer.

Die volgende is 'n voorbeeld van hierdie hermeneutiek. In Markus 8:27-33 (Matteus 16:13-23) vertoef Jesus met sy dissipels in Cesaréa-Filippi en vra aan hulle: 'Wie sê julle, is Ek?' Gewoonlik hoor ons die verhaal só asof Jesus aan sy dissipels 'n eksamen in die Christologie gee. Wanneer ons egter Nicea en Chalcedon tussen hakies plaas, hoor ons hier egte vrae van Jesus² - vrae wat sy onsekerheid blootlê. Na die optrede in Galilea, waar die eerste tekens van teenstand sigbaar geword het, oorval die twyfel Hom en vra Hy: 'Wat sê die mense en wat sê julle van my? Is Ek op die messiaanse pad?' Só kom die Bybelse Christus ons tegemoet: ons ervaar Hom as egte mens, as twyfelende, soekende en kwesbare mens, wat juis op hierdie manier baie naby aan ons kom staan³.

In hierdie voorbeeld het ons 'n prentjie van die Christologie

'van onder af' in die fynste besonderhede geteken. Die uitdrukking 'van onder af' is deur H Berkhof geyk⁴. Met die nodige kritiek op Chalcedon sien Berkhof Christus as die ware 'verbondspartner' van God. Hy kom in die plek van Israel as volk, wat in die verlede gefaal het. Berkhof, en ook mev Flesseman-van Leer (nóg 'n dame-teoloog naas D Sölle!) kom ten slotte by 'n Christologie waar 'die sogenaamde twee-natureleer heeltemal nie nodig is nie'⁵.

Daar is genoeg name genoem van hulle wat 'n Christologie 'van onder af' wil probeer opbou. Één ding is duidelik: die vroegste Christologie, dié van die Ebioniete wat in Jesus 'n blote mens gesien het, is vandag – al is dit met die moderne inkleding van die eksistensiële fenomenologie – weer aan die orde van die dag. Of Hy nou geteken word as 'die begin van 'n nuwe mensheidstipe'⁶, of as die ware 'verbondspartner van God' (H Berkhof) maak weinig verskil. Die Christus van God is nog altyd uitgelewer aan die wysheid van die mense. Tereg merk Heyns op: 'Dieper as die omhulling van en die verberging deur die vlees, kan alleen die geloofsoog van hom wat uit God gebore is (1 Johannes 5:1), die Seun van God ontdek. Daarom kan 'n Christologie wat 'van onder' Jesus as suiwer historiese figuur wil benader, moeilik, indien ooit, in Hom die Seun van God terugvind'⁷.

Klasvoordrag 1987, Teologiese Skool Potchefstroom

Anno 2006, by die eeufees van Albert Schweitzer se boek

-
- 1 In die moderne hermeneutiek word hierdie sogenaamde 'oorwinning oor die subjek-objek-skema' hoog opgegee.
 - 2 Martin Buber, 1962. *Werke I. Schriften zur Philosophie*. München: Kösel-Verlag, pp. 671-672.
 - 3 Th. C. Frederikse. 1987. Nieuwere ontwikkelingen in de Christologie. *Kerk en theologie* 38(3):231.
 - 4 H. Berkhof. 1985. *Christelijk Geloof* (5de dr.) p. 215.
 - 5 Flesseman-van Leer. 1985. *Wie toch is Jezus van Nazareth?* p. 88.
 - 6 H.S.Chamberlain. 1899. *Grundlagen des 19. Jahrhunderts*.
 - 7 J.A. Heyns. 1978. *Dogmatiek*, p. 229.

Polisiekarre en skynheiligheid

Die stof het so 'n bietjie gaan lê oor die Godslasterende opmerking van 'n lid van die Polisiekarre-musiekgroep en die reaksie wat dit tot gevolg gehad het. Die reaksie, gesproke sowel as geskrewe, was – soos 'n mens dit te wagte kon wees – uiteenlopend van aard.

In *Beeld* van 17 Maart 2006 skryf Ku Klops onder die opskrif 'Karre: Nie-Christen dik vir skynheil': ... *Ek kan nie Christene se skynheiligheid met die Polisiekar-polemiek glo nie! Christene wil Wynand Myburgh se stem smoor op grond daarvan dat wat hy op 'n aanhanger se beursie geskryf het, kwansuis 'n belediging vir hulle is! Het iemand al daaraan gedink dat ek as nie-Christen aanstoot neem teen die vervloekende uitsprake van die geestelikes? Van die preekstoel af word vernederende oordele gevel teen gays (wat as sodomiete beskryf word in die Bybel), ateïste (genoem Godloënaars), prostitute (genoem hoere), sogenaamde "fornikeerders", nie-Christene (insluitend Moslems, vredeliewende heidene, Jode, Hindoes, pasifistiese Boeddhiste, ens.).*

Ek en baie ander nie-Christelike Afrikaners is gatvol daarvoor om konstant deur te loop onder die veroordelings van Christene en dat ons vryheid van spraak ingeperk word omdat Christene aanstoot neem deur uitdrukkings van ons geloof (of ongeloof).

Dit terwyl hulle s'n heelyd in ons keelgatte afgedruk word onder die dekmantel van "sendingwerk".

Aan Myburgh wil ek sê: moenie dat hulle ooit jou mond snoer nie, ou

maat. Die stryd teen die juk van die "priesterklas" gaan swaar wees, maar ons sal uiteindelik ook hulle juk afgooi! En vir Absa en die KKNK sê ek: Hierdie is vir julle 'n toets van julle commitment tot vryheid van spraak. As julle Myburgh et al. se monde snoer, is julle nie daartoe committed nie. Dan roep ek alle nie-Christene op om die twee organisasies te boikot uit protes teen hierdie skending van ons gemeenskap se spraakvryheid.

Ku Klops skiet met grofgeskut. Dit is duidelik dat hy hom bloedig oor die bediening van die evangelie van Jesus Christus vererg. Dit op sigself is nie vreemd nie. In die Skrif word dit by herhaling genoem dat daar teenkanting teen die evangelie was, is en sal wees. Die gekruisigde Christus bly vir die Jode 'n struikelblok en vir die Grieke dwaasheid (1 Korintiërs 1:23) – ook vir die moderne Afrikaanssprekende 'Jode' en 'Grieke'.

Wat egter eerlikheidshalwe reggestel moet word, is Ku Klops se bewering dat christene wat hulle teen die Polisiekarre se optrede uitspreek, skynheilig sou wees. Kragtige, Skrifgefundeerde uitsprake teen Godslastering en sodomie en ateïsme en prostitusie is geen skynheil nie, maar ware heil. Die feit dat Klops hom oor dié uitsprake vererg is 'n bewys dat ware heiligheid teenoor ware onheiligheid te staan kom. Net so min as wat hy profeterende christene van skynheil kan verdink, kan hy van skyn-onheil verdink word. Uit sy skrywe blyk dat hy waarlik onheil is. Laat dit reguit gestel word: die profesie van

Openbaring 22:11 word werklikheid - 'Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word'.

'n Tweede regstelling het betrekking op Klops se idee van spraakvryheid. Hy beskou dit as 'n skending van spraakvryheid as die Polisiekarre nie kan laster soos wat hulle wil nie. Daarbenewens gebruik hy in sy brief hier en daar woorde wat kru op die oor val. Is dit spraakvryheid om te laster en gekruide woorde te gebruik? Spraakvryheid het inderwaarheid alles te doen met Christus wat ons gedagtes en tonge van spraak'gevangenskap' en 'n gevolglike spraakgebrek verlos het. Die Gees van Christus lei ons deur die Woord op die pad van ware spraakvryheid. Uiteraard sal Klops nie daarmee saamstem nie, aangesien hy uitgesproke teen Christus is. Nietemin staan dit vas. Spraakvryheid word deur die enige ware God bepaal, beslis nie deur die mens nie.

Ten slotte: Ku Klops verklaar oorlog teen Christus en almal wat Hom bely. Die juk wat hy probeer afgooi, is egter nie die een wat die 'priesterklas' oplê nie. Net so min is sy oorlogsverklaring 'n nuwigheid. Saam met 'n skare ongelowiges wat sedert die moederbelofte van Genesis 3:15 by die dag groter word, rebelleer hy teen die Seun van God. Die oproep van Psalm 2 is gepas: 'Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie'.

'n Trappie hoër?

In dieselfde uitgawe van *Beeld* waarin Ku Klops se brief verskyn, gee Jacques Bornman – 'n 24-jarige pastoor van die AGS – sy mening oor die optrede van die Polisiekarre weer.

... Ek onderskryf die opdrag van Eksodus 20:7 dat ons nie die naam van die Here ydellik mag gebruik nie en ek kan verstaan waarom gelowiges alles wil doen om dit te

vermy. Ek wil graag die gesprek om die kwessie 'n trappie hoër neem. Wanneer ons oor dié saak besin, is dit noodsaaklik dat ons nie net ander se foute sal uitwys nie, maar

dat ons ook ons eie lewe onder die vergrootglas sal plaas.

Elkeen van ons het 'n beeld van God en dié beeld bepaal in 'n groot mate hoe ons leef – in verhouding met God, met ander gelowiges en ook die wêreld. 'n Verwronde beeld van God het verreikende gevolge. Die Anglikaanse predikant William Temple het gesê as iemand met 'n verkeerde beeld van God leef, word hy of sy al hoe meer godsdienstig (wetties) en word die nagevolge al hoe erger – in só 'n mate dat dit uiteindelik beter vir hulle sou wees om ateïste te wees.

Ek wonder of enigiemand al iewers met die lede van Polisiekar gaan sit en gesels het? Het iemand al probeer vasstel wat hul beeld van God is wat maak dat hulle sulke uitsprake maak? Sal ons as Christene nie in die gees van ons Rabbi, Jesus, loop wanneer ons hulle in liefde en genade ontvang nie? Miskien het hulle 'n beeld van God waarin Hy hoofsaaklik een is wat straf, wat daarop uit is om ons tereg te wys – 'n God verwyder van ons wêreld en situasie. En as hulle die god vloek, vloek hulle waarlik die Een wat ons aanbid?

Ons hantering van die saak laat my twyfel of die manne van Polisiekar met ons sal wil gesels. Was dit Gandhi wat gesê het hy sou 'n Christen gewees het as dit nie vir Christene was nie? Het ons in ons hantering van die saak nie net weer die vermoede bevestig dat Christene ander mense oordeel en genadeloos is nie? Wat dié artikel probeer bereik, is om ons as Christene na onself te laat kyk. Ek wil vra: Vrydel ons nie ook die Here se Naam wanneer ons nie optree in die gees van daardie Naam nie? Wanneer ons haatspraak en onmin saai, betree ons dalk die gebied van die ydelike gebruik van ons God se naam. Ons kan nie praat oor God sonder om nie te praat van Sy liefde en genade nie. Johannes 3:16 sê "want so lief het God die wêreld gehad" - die hele wêreld, nie net 'n sekere deel van die bevolking of net die kerk nie.

God droom oor Sy skepping - 'n droom van versoening met Hom, met mekaar en ook die natuur. Ek

dink ons gebruik God se naam ydelik wanneer ons 'n houding van meerderwaardigheid inneem en sonder genade en liefde optree. Miskien moet ons as Christene dan eers die balk in ons eie oë uithaal voor ons die splinter uit ander s'n probeer verwyder.

Indien Polisiekar dié artikel lees, wil ek aan hulle sê: Ek kan dink julle is in 'n ongemaklike situasie en is selfs bitter oor die manier waarop julle gehanteer word.

Jammer vir die manier waarop ons met julle gewerk het. Sal dit nie ongelooflik wees as iemand vir julle die ruimte kan skep om eerlik uitdrukking te kan gee aan jul vrae, teleurstellings en probleme in die wete dat God julle aanvaar en liefhet soos julle is nie?

Die pastoor se taal is ietwat anders as dié van kru Ku Klops. Hy verklaar geen oorlog nie, maar verkondig vrede. Hy soek geen konfrontasie nie, maar bied verskoning aan. Heeltemal tereg stel hy dat elkeen wat 'n sê oor hierdie saak het, eers die balk uit sy eie oog moet haal voordat hy na die splinter in die oog van sy buurman kyk. Met reg waarsku hy teen hoogmoedige, meerderwaardige veroordeling van mense sonder om eers behoorlik ondersoek te doen na die saak wat beoordeel word.

Maar in sy verkondiging van vrede en Godsliefde raak pastoor Bornman sake aan wat nie ongemerk verby kan gaan nie.

Met 'n beroep op 'n aanhaling van die helfte van Johannes 3:16 gee hy voor dat God droom oor sy skepping - 'n droom van versoening met Hom, met mekaar en ook die natuur. Na die beste van my wete is daar nêrens in die Skrif sprake van God wat droom nie. God werk volgens sy raad wat nie gekeer word nie (Psalm 33:11). In sy raad kies God uit en verwerp Hy (Romeine 9; Efesiërs 1). Van 'n algemene versoening is daar geen sprake nie. Die slot van Johannes 3:16 stel ook dat daar mense is wat verlore gaan, naamlik dié wat nie in die eniggebore Seun van God glo nie.

Pastoor Bornman gaan uit van 'die wete dat God julle aanvaar en liefhet soos julle is'. Hoe weet hy dit? Leer Eksodus 20:7, waarna hy verwys en wat hy onderskryf, dan nie dat die HERE die een wat sy Naam ydelik gebruik nie ongestraf laat bly nie?

Pastoor Bornman wonder of iemand al probeer het om vas te stel wat Polisiekar 'se beeld van God is wat maak dat hulle sulke uitsprake maak. Miskien het hulle 'n beeld van God waarin Hy hoofsaaklik een is wat straf, wat daarop uit is om ons tereg te wys – 'n God verwyder van ons wêreld en situasie'. Die pastoor vra: 'En as hulle die god vloek, vloek hulle waarlik die Een wat ons aanbid?' Laasgenoemde is 'n kunstige toertjie wat deesdae al meer en meer voorkom. Die god wat hulle vloek is nie ons God nie. Dus – hulle kan maar vloek. En die christene kan maar stilbly. Maar so eenvoudig is dit nie. Ongeag die idee wat die Polisiekarre oor God het – laster is laster. Dit moet gesê en met heilige ywer weerstaan word.

'Was dit Gandhi wat gesê het hy sou 'n Christen gewees het as dit nie vir Christene was nie'? Ja, dit was Gandhi. En daar is baie ander nie-christene wat dieselfde sê. Dit strek beslis nie tot eer van Christus en sy kerk as dit gesê word nie. Tog is daar 'n radikale denkfout as dié uitspraak van Gandhi in verband met die Polisiekar-lastering gebring word. 'n Mens word nie 'n christen omdat ander christene so voorbeeldig leef en geloof in Christus vir jou aantreklik maak nie. Geloof is 'n gawe van God. Hy gee dit vir wie Hy wil. Ongeag en nieteenstaande christene se optrede, bring God mense tot geloof. Die ander kant is ook waar: God laat die verworpenes in ongeloof lê. Gandhi is verkeerd. Pastoor Bornman eweneens. Die uitspraak van die Polisiekarre moet nie in terme van teenkanting teen 'kwaai' christene gesien word nie, maar in terme van teenkanting teen die Christus.

Dit lyk nie of pastoor Bornman met sy artikel 'n trappie hoër gekom het nie. Sy verkondiging van vrede

deurstaan nie die toets van die Skrif nie. Profeterende christene hoef geen verskoning te maak solank as

hulle die stem van Christus laat hoor nie. Sterker nog: hulle mag geen verskoning maak as hulle die stem

van die goeie en regverdige Herder laat hoor nie. Diegene wat die profesie hoor, moet tot bekering kom.

En toe kom Virgin

Virgin Mobile het onlangs 'n TV-advertensie die lig laat sien waarin die maatskappy bepaalde dele uit die Bybel in 'n verwronge, spottende vorm gebruik om sy dienste te bemark. In Beeld van 19 Julie berig Neels Jackson wat dié advertensie tot gevolg gehad het.

“Pruilende wulpse engele” en ander dele van ’n “godslasterlike televisie-advertensie”: met sulke opmerkings het ontstelde Christene beswaar gemaak teen die advertensie waarin ’n man doodgaan, per hysbak “hemel” toe geneem en dan deur ’n persoon met ’n groot boek teruggestuur

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Ds GJ Meijer
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Dr AH Bogaards
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

word aarde toe, omdat hy nog aan ’n selfoonkontrak verbind is. Die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde (ASA) het gister bevestig dat hy sowat 50 klagte ontvang het oor dié advertensie en moontlik vroeg aanstaande week uitspraak sal lewer. Die ASA wil na verneem word sy uitspraak baie versigtig bewoord, omdat dit so ’n sensitiewe saak is.

Uit e-pos-kettingbriewe en ander klagtes wat Beeld ontvang het, is dit duidelik dat die advertensie verskeie Christene baie kwaad gemaak het. Een so ’n boodskap doen ’n beroep op mense “om hierdie optredes van die Antichris stop te sit” en ’n ander sê Moslems en Hindoes sou lankal ’n groot bohaai gemaak het as hul geloof só bespotlik gemaak is. Ds. Hennie van Wyk van die Gereformeerde Kerk Pinetown wat direk by Virgin Mobile gekla het, skryf in sy brief aan die maatskappy onder meer dat dit duidelik is dat Virgin geen idee het van die God wat hy in sy advertensie spot nie.

Mnr. Nicholas Maweni van Virgin Mobile het by navraag gesê hul doel was nie om iemand te na te kom nie. Daarom is daar byvoorbeeld geen woorde wat na iets soos “hemel” verwys in die advertensie nie. Volgens hom het Virgin Mobile klagtes gekry van mense wat dink die persoon met die groot boek stel God voor, terwyl hy eintlik ’n soort Petrus-figuur is. Ondanks die klagtes het Virgin Mobile nie planne om die advertensie te onttrek nie. Maweni sê as die ASA bevind dat dit weens oorweldigende besware onttrek moet word of as dit bots met die land se grondwet, sal hulle dit onttrek, maar die saak het nog nie so ’n punt bereik nie.

Tot sover die berig van Neels Jackson.

Die volledige brief van ds Van Wyk, soos op die poslys van die GKSA gepubliseer, lui (vertaal uit

Engels) soos volg: *Ek verwys na die advertensie op TV waarin ’n man ‘sterf’ en na die aarde teruggestuur word omdat hy ten opsigte van sy selfoonkontrak verpligtinge het. As ’n christen en ’n gelowige in God is ek baie teleurgestel oor die wyse waarop Virgin dink. Het julle geen respek vir God nie? Is julle idee van God dat Hy iemand na die aarde sal terugstuur net omdat hy nog verpligtinge daar het? Dit is vir my duidelik dat julle nie die vaagste benul het van die God wat julle in julle advertensie spot nie. Ek sal ’n beroep op elke lid van ons kerke doen om hulle daarvan te weerhou om besigheid met Virgin Mobile te doen.*

Die ooreenkoms tussen die optrede van die Polisiekarre en Virgin is ooglopend. Die een laster met ’n enkele opmerking. Die ander laster by wyse van advertensie. Dit is nog nie bekend wat ASA na aanleiding van die klagtes wat teen die advertensie ingebring is gaan doen nie – behalwe dat hulle baie versigtig is vanweë die sensitiwiteit van die saak (sensitief vir wie en waarom?). Dit is uit die berig wel duidelik wat die Virgin-woordvoerder se mening is: indien die besware oorweldigend in getal is (en dit dus besigheid kan kelder) of teen die land se grondwet is (en dit dus wetlik gestop moet word), sal daar herbesin word. Anders nie. Die grondwet van God is nie ter sake of ter sprake nie.

Sodoende gee Virgin ’n tree verder as Ku Klops. Laasgenoemde sit sy woede nog in woorde om. Virgin ignoreer die enige ware God blatant. Hulle verwys nie eers na die Skepper van hemel en aarde nie (vergelyk Psalm 10). Dit is die ergste vorm van haat.

Intussen moet die oproep van ds Van Wyk ernstig ter harte geneem word.